Week van Gebed - Soek my aangesig Psalm 27:8

Dag 4 Woensdag 16 Januarie 2008

1. Soek Sy aangesig deur Sy Naam aan te roep (5 min)

Hemelse Vader, U is die bron van alle standvastigheid en bemoediging (Rom.15:5), U is God van medelye, genadige God (Eks.34:6), El-Shaddai (die Algenoegsame; die Almagtige) (Gen.17:1), Jahwe-Jire (Die Here wat voorsien) (Gen.22:14), Jahwe-Rofeka (die Here wat jou gesondmaak) (Eks.15:26), Jahwe-Shalom (die Here gee rus/vrede) (Ps.35:27), die Here van die hele wêreld (Mig.4:13)
Here Jesus Christus U is die weg, die waarheid en die lewe (Joh.14:6), U is die krag en die wysheid van God (1 Kor.1:24), die Lam in die middel van die troon (Op.7:17), die Lam wat geslag is (Op.5:12), die hoop van God seheerlikheid (Kol. 1:26);
Heilige Gees U is die Gees van vrymaking, insig, raad en sterkte, kennis en eerbied vir die Here (Jes.11:2), genade en smeking, heiligheid, liefde, waarheid, krag, selfbeheer, wysheid en openbaring van die kennis van God, die Gees van heerlikheid.
Drie-enige God U is my Here en my God en ek loof en prys U!

Dink na oor elke naam wat jy hier lees en maak die Here se naam groot.

Lees ook Psalm 84 verse 1-12 rustig deur.

2. Soek Sy aangesig deur vir persoonlike herlewing te bid (5 min)

- Bid vir nuwe krag en ywer in jou gebedslewe.
- Bid vir toewyding in Woordstudie, maar ook vir goddelike wysheid en ‘n oopbreek van die Woord.
- Bid vir ‘n bereidheid om die Woord soos ‘n twee-snydende swaard te laat sny.
- Bid vir gehoorsaamheid aan die Woord.
- Bid dat jou lewe daagliks in ooreenstemming met die word sal wees.
- Bid dat mense Jesus in jou sal sien.
- Bid dat jy krag sal ontvang om te getuig en wanneer jy getuig, dat jou lewe harder as jou woorde sal praat.
- Bid dat die Here jou opnuut ‘n visie sal gee van “enige-iets” ter uitbreiding van die Koninkryk.
- Bid dat die Here jou sal losmaak van tradisies en rituele wat jou geestelik beperk.
- Bid dat die Here jou die vermoë sal gee om verby ander mense te kyk en Hom raak te sien.
- Bid dat die Here jou met ‘n Jesus-gesindheid by die dinge van die Here betrokke sal maak.
- Bid dat elke erediens vir jou ‘n ontmoeting met God sal wees.

3. Soek Sy aangesig namens ongeredde familie, vriende of individue (5 min)

1._____2. _____
3._____4. _____
5._____

Skryf die name neer (indien jy dit nog nie gedoen het nie). Bid vir hulle redding, dat die Here hulle sal seën (geestelik, sosiaal en emosioneel), en bid vir hulle fisieke behoeftes.

Week van Gebed - Soek my aangesig Psalm 27:8

Bid ook vir jou onmiddelike omgewing waar jy bly en vra dat die Here al die Christene wat lou geword het in hulle geloof weer tot bekering sal vernuwe.

4. Soek Sy aangesig sodat Sy heerlikheid deur die kerk sigbaar sal word (5 min).

- Bid dat ons Afrikaanse Gemeente ‘n ware lig in die UAE sal wees.
- Bid vir ‘n nuwe en kragtige beweging van die Heilige Gees in die gemeente.
- Bid dat ons Jesus teenoor mekaar sal leef.
- Bid dat lidmate se lewens ook gedurende die week sal getuig van ‘n persoonlike verhouding met Jesus.
- Bid dat gemeentelede mekaar, met gebreke en verskille, onvoorwaardelik sal aanvaar.
- Bid dat gemeentelede nie ongenaakbare dinge oor mekaar sal sê en daardeur dood deur hul tonge sal saai nie.
- Bid dat lofprysing by alle geleenthede uit die hart sal kom en dat ons in lofprysing die Here met ons hele wese sal loof en prys. Bid ook vir die lofprysing en aanbidding voor elke diens.
- Bid baie ernstig die Woordbediening in ons gemeente. Bid dat die Woord suiwer en onverstrokke bedien sal word tydens erediens, omgeegroepe en jeugkerk (onderwysers) Bid vir krag en wysheid vir die prediking, omgeegroepleiers se voorbereiding en jeugleiers se lesvoorbereiding.
- Bid dat die boodskappe wat uitgaan vanaf die kansel, sal lewe en gestalte kry in lidmate se lewens.
- Bid dat die gemeente se fokus altyd op God en Sy Koninkryk sal wees.
- Bid dat ons meer en meer soos Jesus sal word in karakter en krag, die karakter en die krag van die liefde, in diens van God, mekaar en die wêreld.
- Bid vir eenheid in die gemeente en gemeenskap. Bid teen verdeeldheid wat die liggaam van Christus benadeel. Bid teen ‘n kritiese gees en onverdraagsaamheid.
- Bid dat elke lid van die liggaam bereid sal wees om in gehoorsaamheid sy unieke funksie te verrig.
- Bid dat ons gemeente geestelik so sal funksioneer dat dit ‘n effek op die gemeenskap sal hê.

5. Soek Sy aangesig vir Ester Konferensie (5 min)

- Bid dat dat die Here vrouens sal oprig om die konferensie by te woon
- Bid dat die Here die bemarkingsblaadjies sal seën.
- Bid vir intersessors om na vore te kom wat van nou af tot en met die konferensie daagliks al intree.
- Bid dat die Here intersessors sal gee om tydens die konferensie te bid
- Bid dat die voorbereidings rakende ete en dekor reg sal verloop
- Bid dat Elza Meyer as kragtige instrument in die Here se hand gebruik sal word
- Bid dat vrouens die Here op ‘n unieke en lewensveranderende wyse sal ontmoet
- Bid vir die span wat saam met Elza kom en hulle onderskeie verantwoordelikhede.
- Bid dat die Here op 8 en 9 Februarie 2008 met Sy enegele sal laer trek om Christ Church sodat die bose nie op enige wyse sal kan inmeng nie.
- Bid dat ons Familie-diens aan die einde van die Konferensie op 9 Februarie goed bygewoon sal word en dat al die manne en kinders van ons gemeente sal kom. Bid dat die heilige Gees tydens hierdie diens ons elkeen opnuut sal aanraak.
- Bid dat die nodige finansies daar sal wees en dat ons begroting sal klop

6. Soek Sy aangesig deur te waak en te luister (5 min)

Week van Gebed - Soek my aangesig Psalm 27:8

- Vra dat die Here nuwe dinge aan jou sal bekendmaak, dinge waarvan Hy wil hê jy bewus moet raak en op moet let veral met betrekking tot ons gemeente. Vra dat Hy Sy wil en sy planne/strategieë aan jou sal bekendmaak. Vra Hom na die dinge wat op Sy hart is waarvoor Hy wil hê dat jy moet bid. Skryf neer (hou dagboek) wat jy van Hom hoor.
- Sluit af deur vir die volgende persoon wat bid in die volgende halfuur, aan die Here op te dra en te vra dat die Here hom/haar sal seen.
- Dank die Here vir die geleentheid om deel te kon neem aan die 24 uur van gebed.